

SKOOLREËLS VIR ALLE LEERDERS:

1.1 SKOOLDRAG VIR DOGTERS

1.1.1 Somersdrag

- Romp: Die klaargemaakte groen romp is by die Leweransiers beskikbaar.
- Sokkies: Kort wit sokkies mag nie opgerol word nie, net een keer omgevou.
- Bloese: Wit, oopslaanek met kort moue. Die moue mag nie omgevou word nie.
- Skoene: Swart plathak skoene met bandjies oor die voete.
- Roklengte: Wanneer die dogter op haar knieë staan, moet die roksoom 'n maksimum van 10 cm van die grond af wees.
- Onderklere: Verpligtend. Ondeursigtige, vleeskleurige bra's moet gedra word. Broekies – groen.

1.1.2 Winterdrag

- Romp: Dieselfde as vir somersdrag.
- Hemde: Langmou wit hemp met kraag.
Das: Vir uitgaangeleenthede saam met baadjies.
- Kouse: Grys kniekouse met swart, wit en groen strepe (dieselfde as vir die seuns).
- Trui: Slegs die amptelike skooltrui – (groen met V-nek en swart en wit strepe) of die amptelike sweetpak baadjie mag gedra word, of die amptelike skoolbaadjie.
- Serpe: Geen.
- Onderklere: Soos by 3.1.6 genoem.
- Langbroeke: Groen langbroek – dogtersnit

1.2 SKOOLDRAG VIR SEUNS

1.2.1 Somersdrag

- Hemp: Gr. 12 – Wit langmouhemp
Gr. 8-11 – Groen kortmou.
Daar mag geen skouerbelegsels, dubbelbors-Stukke, lussies op die moue of klappe bokant die borssakke van die hemde wees nie.
van die hemde wees nie.
- Broeke: Gr. 12 – Lang groen broek.
Gr. 8-11 – Kort groen broek
- Kouse: Grys kouse met skoolkleure.
- Skoene: Swart toerygskoene sonder enige patroon.
- Gordel: Bruin by langbroek, geen dubbelgespes.

1.2.2 Wintersdrag

Gr. 8-10

- Hemp: Groen langmouhemp en das.
 - Broek: Groen langbroek.
 - Trui: Skooltrui/Skoolsweetpak.
 - Skoene: Soos vir somer.
- Kleurbaadjie is nie verpligtend nie.

1.2.3 Sportdrag

- Soos voorgeskryf deur elke sportsoort.
- Slegs skoolsweetpake is aanvaarbaar tydens byeenkomste andersins moet leerders in skooldrag geklee wees.

2. REËLS VAN TOEPASSING OP SKOOLDRAG

A. DOGTERS:

2.1 Hare:

- 2.1.1 Alle hare wat oor die onderste ronding van die hemp se kraag hang, moet teen die kop vasgemaak word. (Nie slegs die onderpunte nie). Hare moet daagliks netjies versorg word.
- 2.1.2 Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie; 'n lang kuif moet afgesny of weg van die gesig vasgesteek word. Dit geld ook vir die "Bob"-styl. Geen haarslierte mag los hang nie. Indien dit weggesteek word, moet dit so gedoen word dat dit die hele dag netjies bly.
- 2.1.3 Hare moet in 'n netjiese aanvaarbare styl wat by die skooluniform pas gedra word.
- 2.1.4 Hare mag nie gekleur word nie. Indien hierdie reël oortree word moet dié hare na die oorspronklike kleur teruggekleur word.
- 2.1.5 Slegs wit, swart of donkergroen haarbykomstighede wat nie te groot is nie, word toegelaat.
- 2.1.6 Hare mag slegs met een "Step" gesny word.

2.2 Juwele:

- 2.2.1 Slegs klein goue of silwer ooringetjies of knoppies is toelaatbaar en slegs een stel aan die onderkant van die ore.
- 2.2.2 Geen armbande, borsspelde of hangertjies mag gedra word nie. Kettings om die enkels is nie toelaatbaar nie.
- 2.2.3 Slegs een seëlring aan die vinger is toelaatbaar.

2.3 Grimering:

- 2.3.1 Geen grimering word toegelaat nie, veral nie ooggrimering nie.
Deursigtige naellak mag wel aan kort geknipte naels gesit word.

2.4 Naels:

- 2.4.1 Naels moet kort en netjies versorg wees. As jy van die handpalm se kant af kyk moet die naels nie sigbaar wees nie.

B. SEUNS:

2.5 Hare:

2.5.1 Wanneer hare afgekam word:

- mag die hare nie oor die ore hang nie;
- mag die kuif nie nader as een vinger breedte vanaf die wenkbroue hang nie;
- mag die hare agter nie die hemp se kraag raak nie en mag die lengte gaandeweg toeneem tot by die kroontjie, dus geen "Step" nie;
- Wangbaarde mag nie verby die middel van die oor kom nie.
- Geen kleurstowwe;
- Geen kunsmatige haarstyle;
- Geen modegrille / uitspattighede.
- Hare mag nie regop staan nie.

2.6 Juwele:

- Geen kettings, ringe, armbande of oorbelle mag gedra word nie.
- Slegs horlosies en "Medic Alert" – armbandjies is toelaatbaar.

2.7 Kleredrag:

- Daar mag nie aan langbroeke se pypwydtes verander word nie.
- Baadjiemoue mag nie opgestoot word nie.
- Truie se moue mag nie opgestoot of opgerol word nie.
- Dasse mag nie met die dun kant na voor gebind word nie.
- Truie mag nie doelbewus uitgerek word nie.
- Kouse moet te alle tye opgetrek wees (maak gebruik van kousrekke).